

WEEK 9

GEBED EN DIE GEES

Die Heilige Gees is deel van die persoon van die Drie-enige God. Baie mense wonder of ons tot die Heilige Gees mag en moet bid? Die Heilige Gees is tog nie minder God nie. **Waarom sukkel mense dan so om met die Heilige Gees te praat en Hom deel van hulle gebedslewe te maak?**

Hoe meer jy met die Gees van God praat hoe meer 'n werklikheid sal Hy vir jou en my word. Ons leef in die era van die Gees. Jesus het juis toe Hy weggegaan het gesê dat Hy gee aan ons Sy Gees. Dit is slegs deur 'n lewe van gebed en gehoorsaamheid wat jy regtig die ware karakter van God se Gees sal leer ken.

DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES

- Hy leer en herinner ons aan wat Jesus geleer het

Johannes 14:26

Wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.

Die dissipels het Jesus se lewe gesien, gehoor wat Hy gesê en geleer het, en die Heilige Gees stel hulle in staat gestel om te onthou. God se Gees leer ons vandag nog meer van God en van die waarheid, want Hy is die Gees van die Waarheid. Wanneer ons dan selfs iets oor gebed wil weet sal die Heilige Gees ons daarin lei.

- Hy getuig oor Jesus

Johannes 15:26

Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader afsal stuur, die Gees van die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig.

Jou en my getuienis word gedra deur die Heilige Gees wat in ons woon. Ons het nie 'n keuse om nie te getuig nie, want toe ons wedergebore is het ons die Heilige Gees ontvang. Tog sukkel

ons soms om te getuig, dit is juis dan wanneer ons tot die Heilige Gees moet bid en vra dat Hy die krag wat alreeds tot ons beskikking is in werking sal laat tree.

- Hy lei in die waarheid

Johannes 16:13-15

Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig. 14Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. 15Alles wat aan die Vader behoort, behoort ook aan My; daarom dat Ek gesê het: Wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig."

Ek dink ons leef juis in 'n tyd waarin waarheid van die uiterste belang geraak het. Die duiwel staan bekend as die vader van die leuen en dit nogal reg om mense te verlei op die pad van die leuen. Hy jok vir jou oor jou eie saligheid en vergifnis. Hy jok vir mense om vir hulle te vertel dat hulle gaan die nie maak nie. Dit is in tye soos hierdie wat die wêreld die waarheid moet hoor. In jou gebedslewe en veral jou gesprekke met die Heilige Gees moet jy Hom vra om jou in alle opsigte, ten alle tye, bedag te maak om die waarheid aangaande God en Christus te verkondig.

- Verander ons na die beeld van Christus

2 Korintiërs 3:18

Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggenem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.

Alle gelowiges het die potensiaal om al hoe meer soos Christus verander te word. Die Heilige Gees se werk is om jou en my daaglik te oortuig van die goed in ons wat nie soos Jesus lyk nie. As ons nie met Hom daarvoor praat nie kan ons nie verander nie. Hoe meer jy die Heilige Gees as deel van jou alledaagse lewe aanvaar, hoe groter sal Sy werk in jou en my sigbaar word. Die Heilige Gees verlang daarna dat ek en jy ons totaal vir Sy werk opsy sal sit. Dit doen jy deur te bid tot die Gees van God.

AANBIDDING DEUR DIE GEES

1 Korintiërs 3:16

Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?

God se Gees is 'n persoon, dit is nie een of ander magiese krag nie. God se Gees woon in sy voluit in jou en my. Dit is vanuit hierdie setel waarvandaan Hy ons lei en begelei. Hoe doen Hy dit?

Genesis 2:7

Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het.

God vorm die liggaam van die man uit die stof van die aarde. Nadat Hy die liggaam gevorm het, staan daar in die oorspronklike taal gee God ook vir die mens 'n lewende siel. Die siel is die setel van die mense se persoonlikheid en emosie. Die siel van die mens word deur die liggaam verbind met die sigbare wêreld.

Genesis 1:26

Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip."

Wat is hierdie beeld van God waarvan hier gepraat word? Hoe lyk die beeld van God? Lyk ons uiterlik na God? Ek dink nie so nie. Ek dink dit geestelik. Geestelik het ons al die karaktertrekke van God. So, aan die een kant maak God die mens as 'n lewende siel en aan die ander kant het God ook vir die mens 'n gees gegee. Deur die gees van die mens verbind God die mens met die onsigbare, geestelike, Goddelike wêreld.

Die siel moet self besluit of dit bereid is om oor te gee aan die gees en daardeur met God in verbinding kom, en of dit eerder wil toegee aan die liggaam en die versoeking van die sigbare sondige wêreld. Deur die sondeval het die siel die oorheersing van die gees verwerp en dit oorgegee aan die luste van die liggaam.

1 Korintiërs 2:11-16

Watter mens ken die verborge dinge van 'n mens behalwe die gees van die mens wat in hom is? So ook ken niemand die verborge dinge van God nie, behalwe die Gees van God. 12 Die Gees wat ons ontvang het, is nie die gees van die wêreld nie, maar die Gees wat van God kom. So weet ons wat God ons uit genade geskenk het. 13 Dit verkondig ons ook, nie met geleerde woorde wat die menslike wysheid ons leer nie, maar met woorde wat die Gees ons leer. So verklaar ons geestelike dinge aan mense wat die Gees het. 14 Die mens wat nie die Gees van God het nie, aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie. Vir hom is dit onsin. Hy kan dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word. 15 Die mens wat die Gees van God het, kan die waarde van alle dinge beoordeel, maar self kan hy deur geen mens beoordeel word nie. 16 Daar staan geskrywe: "Wie ken die gedagtes van die Here? Wie sal hom raad gee?" Maar ons, ons het die Gees van Christus.

Solank as wat jou en my gees in diens van die liggaam en die sigbare wêreld staan sal ons nie die volle geestelike seën van God af ontvang nie. God wil egter hê dat ons Hom in die Gees moet aanbid, daarom is dit ook nodig om jou gees opnuut aan God se Gees onderworpe te maak sodat jy die siel en liggaam onder beheer kan kry. Dit doen jy deur 'n eenvoudige gebed van oorgawe van jou gees aan God se Gees.

Johannes 4:23-24

Maar daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis hê dat die mense wat Hom aanbid, dit so moet doen. 24 God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid."

Jesus het ons gees kom vernuwe sodat God se Gees daar tuis kan wees en dit lei tot ware aanbidding van die Vader deur die Gees. Net die Gees van God kan jou gees lei tot ware en diepe aanbidding van God. As ons regtig opreg soek na 'n innige diepe verhouding met God sal die Gees ons lei in ware diepe aanbidding van God, soos wat God dit wil hê. Ek dink dit is baie keer 'n probleem, dat ons God wil aanbid soos wat ons wil en soos wat ons daarvan hou en gemaklik is in ons tradisie.

As ek egter my gees volkome ondergeskik maak aan God se Gees kan ek Hom nie voorskryf nie. Al wat ek dan kan doen is om vir Gees van God te vra om my te lei sodat ek God kan aanbid soos wat Hy wil hê ek moet Hom aanbid. Ons moet altyd bewus wees daarvan dat ons vlees, ons gees wil oorneem. Ons sal baie graag wil voorskryf hoe dit moet wees.

Ek weet nie hoe God se Gees jou gaan lei nie, al wat ek weet is dat as jy 'n begeerte het om God waaragtig te aanbid jy baie stil moet word en jou self doelbewus aan God se Gees ondergeskik maak en Hom nooi en toe laat om deur jou gees God die Vader te aanbid.

Baie mense dink dat aanbidding deur die Gees van God is om in vreemde tale te bid. Dit mag dalk gebeur maar dit is nie soos ek dit verstaan nie. Aanbidding deur die Gees is om jou gees so oorgegee sodat jy so sensitief raak vir God se Gees se fluistering in jou hart, sodat jy volgens Sy wil begin bid.

Die gedeelte sê dat ons sal in *Gees en in waarheid* sal aanbid. Om Vader deur die Gees te aanbid is om vanuit jou diepste wese, jou gees oor te gaan in aanbidding. Dit is asof jou gees al jou emosies (jou siel) oorneem. Dan bid jy soos wat Dawid bid.

Psalm 103:1-2

Loof die HERE, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam! Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie!

Om Vader deur die Gees te aanbid is die volgende nodig:

- **Wees geestelik lewendig.** – Ons moet geestelik wakker wees, geestelik ontvanklik wees. Ons moet bereid wees dat God se Gees ons gees transformeer.
- **Ons gedagtes is gerig op God** – Ons dink nie meer aan die dinge van die wêreld, dit gaan oor God en God se wil vir my lewe en die wêreld alleen.
- **Ons gedagtes word gevorm deur God se Woord** – Hierdie is baie belangrik. Die duiwel sal in hierdie manier van gebed, alles in sy vermoë doen om die sein te kaap. Hy sal wil hê jy dink dit is God wat praat. Daarom moet ons in waarheid aanbid. God se Woord is die waarheid. So wanneer ons op hierdie diepe innige manier vir God aanbid, moet dit gerig word vanuit die Woord.
- **Ons moet met 'n onverdeelde hart God aanbid.** Ek dink nie meer oor myself en wat vir my belangrik is en wat ek nodig het nie. Ek fokus op God se Gees in my en stel myself oop om net God se wil te bid.

PRAKTIESE GEBED EN WERKING VAN DIE GEES

- Gebed open die deur vir die Heilige Gees

Handelinge 1:8

Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

Ek dink baie mense word bang as hulle daardie ou Hallelujalied hoor van *moet ek gaan met leë hande, moet ek so my Heer ontmoet? Nie een siel gewy aan Jesus, niks te offer aan Sy voet.* Dan dink hulle hulle sal dit nooit reg kry om iemand na Jesus te lei nie. Tog aan die ander kant is die krag van die Heilige Gees tot ons beskikking. Wanneer in ware diepe gebed tot die Gees van God gaan oor die verlorenheid van die wêreld sal Hy verseker Sy volle krag in jou tot werking bring. Dit is 'n daaglikse gebed tot die Gees, waarin jy vir Hom vra om Sy krag in jou te laat werk, sodat jy die geleenthede kan raak sien en sodat jy sodoende mense na Jesus kan lei.

En as jy wonder wat om te sê? Dit sal net kom wanneer jy ernstig en intiem met die Gees van God verkeer. Vertrou die Gees om jou iets nuuts te laat doen, maar vra dit direk vir Hom en leer om ook met Hom gemeenskap te hê.

En as probleme oor jou pad kom en die duiwel probeer om jou te ontsenu, dan kan jy tot die Gees bid en vir Hom sê: *"Heilige Gees ek weet dat U die gedagtes van Vader ken, ek vra nou dat U Sy wil ook aan my bekend maak."*

God se Gees leer ons voortdurend, maar dan moet jy 'n verhouding met Hom hê.

1 Korintiërs 2:12-13

Die Gees wat ons ontvang het, is nie die gees van die wêreld nie, maar die Gees wat van God kom. So weet ons wat God ons uit genade geskenk het. 13Dit verkondig ons ook, nie met geleerde woorde wat die menslike wysheid ons leer nie, maar met woorde wat die Gees ons leer.

Hoe leer die Gees jou?

Deur tyd en moeite vir die Gees te maak, sodat Hy jou die waarhede van die Skrif en van die Vader en die Seun kan openbaar.

- Gebed bring die gawes van die Gees tot sy volle reg

1 Korintiërs.12:1

Wat die gawes van die Gees betref, broers, wil ek hê dat julle ingelig moet wees.

Baie mense is onkundig oor die gawes van die Gees. Baie mense wil nie hoor dat dit vandag nog funksioneer en van toepassing is nie. Baie mense is bang om daaroor te praat. Elkeen wat glo dat Christus die Here is, ontvang die Heilige Gees, maar nie elkeen wat die Gees van God ontvang het leef in die volheid van die Gees nie. Ons moet soek na 'n meer intieme verhouding ook met die Gees.

Hoe meer jy met die Gees verkeer hoe makliker verstaan jy die gawes en hoe makliker sal God deur Sy Gees die gawes van die Gees beskikbaar stel. God sal nie Sy gawes aan 'n mens of 'n gemeente gee wat nie ernstig op soek is na 'n verhouding met die Gees nie. Baie mense is tevrede om net met die Vader te deel in gebed of hulle praat net met Jesus en dan soms is Hy nog "*lieuwe Jesus,*" maar kom nooit tot die volheid van God nie, want hulle ignoreer eintlik die werking van God se Gees.

1 Korintiërs 12:7

Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal.

Gawes is tot beskikking van alle gelowiges, maar die manier hoe jy jou gawe gaan ontwikkel is deur gebed en gesprek met die Gees, oor die gawes en jou spesifieke gawes.

1 Korintiërs 14:4 en 15

Die een wat ongewone tale of klanke gebruik, bou net homself op, maar die een wat profeteer, bou die gemeente op.

15Hoe moet dit dan wees? Só, dat ek met die gees moet bid, maar ook met die verstand. Ek moet met die gees die lof van die Here sing, maar ook met die verstand.

Judas 20

Julle, geliefdes, moet egter voortgaan om julle lewe te bou op julle allerheiligste geloof. Bid altyd deur die krag van die Heilige Gees.

Wat beteken dit?

Daar is mense wat die gawe ontvang het om in die Gees met 'n spesifieke geestelike taal te bid. Dit lyk vir my die gawe van ongewone klanke is veral te doen met die manier hoe jy en die

Gees met mekaar praat. Ek dink dit is baie privaat en is iets tussen jou en God. Dit is nie iets wat jy bereik nie. Met ander woorde ek is nou so naby aan die Here dat ek hierdie privaat taal ontwikkel het nie. Dit is en bly 'n gawe van God en God gee dit wanneer, aan wie en hoe Hy wil.

- Gebed tot die Gees maak jou geestelike sensitief

Johannes 6:63

Dit is die Gees wat iemand lewend maak; die mens self kan dit nie doen nie. Wat Ek vir julle gesê het, kom van die Gees en gee lewe.

1 Korintiërs 2:14

Die mens wat nie die Gees van God het nie, aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie. Vir hom is dit onsin. Hy kan dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word.

Gebed tot die Gees maak jou ore en oë oop vir die dinge om jou. Dit leer jou om geestelik ingestel te wees. Hoe meer jy bid tot die Gees hoe meer sal jy sensitief wees vir die wêreld waarin jy leef.

- Die Gees help jou in gebed

Romeine 8:26

Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie.

Ek het vroeër gesê om in die Gees te bid beteken net eintlik om terme van God se wil te bid. Vir baie goed weet ons wat God se wil is. Ons weet dat Hy nie wil hê iemand moet verlore gaan nie. Ons weet dat God nie onreg verdra nie en dat Hy die wêreld wil infekteer met Sy liefde. Soms egter weet ons nie wat God se wil is nie en hoe ons spesifiek moet bid nie.

Ons het net-nou gehoor dat die Heilige Gees woon in ons. Hy lei ons in die Waarheid, daarom is Hy eintlik konstant besig om met die Vader oor ons te praat. Hierdie woord *versugtinge* beteken dat Hy met passie vir ons intree. God se Gees bid ten alle tye vir jou en Hy vertaal as te ware jou passie by die Vader, in 'n taal wat God ken en verstaan. Dit is seker die

grootste voorreg wat enige mens kan hê. Dat God se inwonende Gees, met God se Vaderhart namens jou, in verbinding tree.

Soms as jy regtig nie woorde het nie, kan jy die Gees vra om namens jou in te tree by ons Vader en Hy sal dit vir jou doen. Hy verstaan jou hart en die van die Vader.

Ter afsluiting

Gebed in die Gees bring jou naby aan God soos min. Jy ontvang meer as jy naby aan God leef, as wat jy ver van God leef.

Jakobus 4:6-8a

Maar die genade wat Hy gee, is nog groter. Daarom sê Hy: "God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade." 7 Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug. 8 Nader tot God en Hy sal tot julle nader.

Wanneer laas het jy die nabyheid van God tasbaar beleef?

Mag jy wanneer jy die Gees as gebedsmaat ontdek, die volheid van die Drie-Enige God beleef.